## DIE ESSENSIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom


## Spesiale Versoeke

Vertel vir ander van ons Sondag Wysheidsirkel
Maak vir ons 'n maandelikse bydrae asseblief
Deel met ons jou kundigheid tot diens van ander

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van**

______________________________

**E-Mail**______________________ **Sel**______________

**Woonadres**

______________________________

## HOE ONS MEKAAR KAN HELP

**Bediening** ______________________

**Voorstelle** ______________________

**Besoek asb** ______________________

| Bankrekening vir bydraes | BAIE DANKIE |
|---|---|
| **FNB: Wysheidsirkel**<br>Takkode: **201-409**<br>Rekening: **551 601 09804** | Ons vra vir 'n maandelikse bydrae<br>hetsy per koevert of per EFT<br>**Groot ASSEBLIEF en BAIE dankie** |



# Neo-Spektrum

## 25 Maart 2012

## Die Gees van Menswees

### Ons is almal Seuns en Dogters van God

## STILTE IN DIE KAPEL

~ PIANO CONCERTO NO.5 IN F MINOR — BACH ~

### VERWELKOMING & AFKONDIGINGS

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Dat ons leef omdat U leef is die eerste
van alles wat wonderlik is.
'n Wisselvloei is daar tussen U en ons.
U vloei in ons in en ons in U, en in U word
ons arme vog gesuiwer en vernuwe,
en ons self keer uit U terug in ons in
deur die membraan wat tyd en wêreld is.
Membraan of illusie, so dun is dit, so nie,
so nêrens vir u begenadigdes —
dankie dat ons wat onsself versteek vir ons naastes
gans oop is vir U en U oop.
Dankie vir die gladder as asemhaling heen en weer
tussen U en ons; dat tyd en ewigheid
mekaar deurdring, nie twee is nie maar een.
Dankie God, vir dié wonder, waarin die harde seer
wat wêreld is, sagter as asem oplos en verdwyn.

(GEBED VIR DIÉ IN DIE WÊRELD – SHEILA CUSSONS)

## STILTE VAN BUITE

~ AVE MARIA (BACH) — JEWEL ~

# STILTE VAN BINNE

## GESPREKSIRKEL

### GEBORE AS BEELD VAN GOD: GENESIS 1:26-27

26Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, ..." 27God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

### GEBORE AS SAAD VAN GOD: 1 PETRUS 1:22-23

22Julle siele is gereinig in gehoorsaamheid aan die waarheid om met opregte broederlike liefde en 'n gesuiwerde hart mekaar vurig lief te hê.
23Julle is weergebore, nie uit verganklike saad maar onverganklike saad deur die lewende en ewigdurende woord van God.

### GEBORE AS KINDERS VAN GOD: 1 JOHANNES 3:1-2

1Kyk watter groot liefde die Vader aan ons gegee het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook. Deur dit ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie ken nie. 2Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie bekendgemaak wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus verskyn, sal ons soos Hy wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is.

---

**Johannes 14:6** *Jesus het vir hom gesê: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie."*

**Jesus het nooit bedoel dat hy die enigste Seun van die Mens is nie.** Ook nog minder dat hy die enigste **Seun van God** is. Wat hy wel weet en baie gesê het, is: as jy nie weet dat jy die Seun van die Mens is nie hoe sal jy weet dat jy die Seun van God is ... en as jy dit nie onthou nie hoe sal jy ooit deel hê aan die Goddelike Universele Kosmiese Bewussyn ...??

Met ander woorde: **uit 'n Christelike perspektief** kan jy net deel word van die Goddelike Natuur (immanensie) as jy deel gekry het in Jesus (transendensie) - **HY SÊ:**

ek is die ὁδός méér as 'n weg/pad dis 'n reis (journey) méér nog: a way of life
ek is die ἀλήθεια sonder maskers en rolle (akteurs) méér nog: live in authenticity
ek is die ζωή méér as βίος (vitality) dit gaan oor Ewige Energie (Almagtige Lewe)

**Johannes 14:12** *"Dít verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan."*

**Jesus het nooit bedoel dat hy God is nie.** Hy sê/leer/wys dat hy en God is één (Lees Joh 17) en net soos hy één is met God is ons één met God. Hy weet dit krag in hom is nie van hom nie en verseker ons dat daardie krag ook in jou en my is.

**We are a holy child of God, a creation of God with unlimited power and unlimited capabilities.**

The great Renaissance artist Michelangelo was once asked how he created sculptures such as the Pietàs or David. He explained that he simply imagined the statue already inside the block of rough marble, then chipped away the excess to reveal what had always been there. The marvelous statue, already created and eternally present, was waiting to be revealed. So is the great person already inside of you ready to be revealed. Everyone carries the seeds of greatness. "Great" people don't have something that everyone else doesn't; they've simply removed a lot of the things that stand in the way of their best selves.

## ONS GEE OM TE ONTHOU ONS HET !!

ALLEGRO FROM VIOLIN CONCERTO NO. 1 IN A MIN — BACH

---

## HERINNERING EN SEËNBEDE

In order to take control of our lives and accomplish something of lasting value,
sooner or later we need to learn to Believe.
We don't need to shift our responsibilities onto the shoulders
of some deified Spiritual Superman, or sit around and wait for Fate
to come knocking at the door.
We simply need to believe in the Power that's within us
(and not of us) and use it!
When we do that, and stop imitating others
and competing against them, things begin to work for us.

(Tao of Pooh – Benjamin Hoff)

En ons weet dat die Seun van God
gekom het en ons verstand gegee het
om die ware God te ken;
en ons is **in** die ware God,
**in** sy Seun, Jesus Christus.
Hy is die ware God en die ewige lewe.

- 1 Johannes 5:20 -

---

**AS ONS UITSTAP**

~ BRANDENBURG CONCERTOS (NR2 F-DUR) — BACH ~

---